PROVINCE OF WESTERN CAPE

# Provincial Gazette Extraordinary

*6346*

*Tuesday, 28 February 2006*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

## CONTENTS

*(*Reprints are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001.)*

No. Page

**Provincial Notices**

Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998), as amended: Amendment of the existing Establishment Notices for Category C municipalities in the Province.

| No. | | Page |
|---|---|---|
| 90 | West Coast District Municipality (DC1) Fifth Establishment Amendment Notice | 2 |
| 91 | Cape Winelands District Municipality (DC2) Sixth Establishment Amendment Notice | 3 |

(Xhosa to follow)

PROVINSIE WES-KAAP

# Buitengewone Provinsiale Koerant

*6346*

*Dinsdag, 28 Februarie 2006*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

## INHOUD

*(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001.)*

No. Bladsy

**Provinsiale Kennisgewings**

Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), soos gewysig: Wysigingskennisgewings van die bestaande Instellingskennigewings vir Kategorie C munisipaliteite in die Provinsie.

| No. | | Bladsy |
|---|---|---|
| 90 | Vyfde Wysigingskennisgewing van die Weskus Distriksmunisipaliteit (DC1) Instellingskennisgewing | 2 |
| 91 | Sesde Wysigingskennisgewing van die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit (DC2) Instellingskennisgewing | 3 |

(Xhosa sal volg)

## PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notices are published for general information.

G. A. LAWRENCE,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 90/2006 28 February 2006

### LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL STRUCTURES ACT, 1998 (ACT 117 OF 1998)

### THE WEST COAST DISTRICT MUNICIPALITY (DC1) FIFTH ESTABLISHMENT AMENDMENT NOTICE

By virtue of the powers vested in me by section 16 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998), as amended, I hereby give notice of the fifth amendment of the West Coast District Municipality (DC1) Establishment Notice, Provincial Notice 480 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 5589 dated 22 September 2000 (the Principal Notice), as amended by Provincial Notice 666 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 5641 dated 4 December 2000, Provincial Notice 447 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 5967 dated 19 December 2002, Provincial Notice 175 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 6019 dated 28 May 2003 and Provincial Notice 1 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 6332 dated 3 January 2006, on the terms set out in the Schedule hereto.

Dated this 27th day of February 2006.

QR DYANTYI, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT AND HOUSING

### SCHEDULE

**Amendment of principal Notice**

1. Section 8 is amended by the substitution of the following section:—

“8. The Municipal Council of the District Municipality has 23 (twenty three) councillors, as determined by the Provincial Minister in Provincial Notice 100/2004 published in Provincial Gazette No. 6137 of 8 June 2004, of which:—

(a) 10 (ten) proportionally represent the parties contesting the election in the District Municipality in terms of section 23(1)(a) of the Municipal Structures Act:

(b) 12 (twelve) directly represent the Local Municipalities in terms of section 23(1)(b) of the Municipal Structures Act, of which:—

(i) 2 (two) directly represent the Matzikama Municipality (WCO11);

(ii) 2 (two) directly represent the Cederberg Municipality (WCO12);

(iii) 2 (two) directly represent the Bergrivier Municipality (WCO13);

(iv) 3 (three) directly represent the Saldanha Bay Municipality (WCO14), and

(v) 3 (three) directly represent the Swartland Municipality (WCO15);

(c) 1 (one) proportionally represent the parties contesting the election in the District Management Area in terms of section 23(1)(c) of the Municipal Structures Act.”.

**Short title and commencement**

2. This Notice is called the West Coast District Municipality (DC1) Fifth Establishment Amendment Notice and comes into operation on the date of publication.

## PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

G. A. LAWRENCE,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 90/2006 28 Februarie 2006

### WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STRUKTURE, 1998 (WET 117 VAN 1998)

### VYFDE WYSIGING VAN DIE DISTRIKSMUNISIPALITEIT WESKUS (DC1) INSTELLINGSKENNISGEWING

Uit hoofde van die gesag aan my verleen by artikel 16 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), soos gewysig, gee ek hierby kennis van die vyfde wysiging van die Distriksmunisipaliteit Weskus (DC1) Instellingskennisgewing, Provinsiale Kennisgewing 480 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 5589 van 22 September 2000 (die Hoofkennisgewing), soos gewysig deur Provinsiale Kennisgewing 666 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 5641 gedateer 4 Desember 2000, Provinsiale Kennisgewing 447 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 5967 gedateer 19 Desember 2002, Provinsiale Kennisgewing 175 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 6019 gedateer 28 Mei 2003 en Provinsiale Kennisgewing 1 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 6332 gedateer 3 Januarie 2006 op die voorwaardes wat in die Bylaag hiervan uiteengesit word.

Gedateer op hierdie 27ste dag van Februarie 2006.

QR DYANTYI, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING EN BEHUISING

### BYLAAG

**Wysiging van Hoofkennisgewing**

1. Artikel 8 word gewysig deur dit met die volgende artikel te vervang:—

“8. Die Munisipale Raad van die Distriksmunisipaliteit het 23 (drie-en-twintig) raadslede, soos bepaal deur die Provinsiale Minister in Provinsiale Kennisgewing 100/2004, gepubliseer in Provinsiale Koerant 6137 van 8 Junie 2004 van wie:—

(a) 10 (tien) die partye wat ingevolge artikel 23(1)(a) van die Munisipale Strukturewet aan die verkiesing in die Distriksmunisipaliteit deelneem, proporsioneel verteenwoordig;

(b) 12 (twaalf) die Plaaslike Munisipaliteite ingevolge artikel 23(1)(b) van die Munisipale Strukturewet regstreeks verteenwoordig, van wie:—

(i) 2 (twee) die Munisipaliteit Matzikama (WCO11) regstreeks verteenwoordig;

(ii) 2 (twee) die Munisipaliteit Cederberg (WCO12) regstreeks verteenwoordig;

(iii) 2 (twee) die Munisipaliteit Bergrivier (WCO13) regstreeks verteenwoordig;

(iv) 3 (drie) die Munisipaliteit Saldanhabaai (WCO14) regstreeks verteenwoordig, en

(v) 3 (drie) die Munisipaliteit Swartland (WCO15) regstreeks verteenwoordig, en

(c) 1 (een) die partye wat ingevolge artikel 23(1)(c) van die Munisipale Strukturewet aan die verkiesing in die Distriksbestuursgebied deelneem, proporsioneel verteenwoordig.”.

**Korttitel en inwerkingtreding**

2. Hierdie Kennisgewing heet die Vyfde Wysigingskennisgewing van die Distriksmunisipaliteit Weskus (DC1) Instellingskennisgewing en tree in werking op die datum van publikasie.

P.N. 91/2006 28 February 2006

**LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL STRUCTURES ACT, 1998 (ACT 117 OF 1998)**

**THE CAPE WINELANDS DISTRICT MUNICIPALITY (DC2) SIXTH ESTABLISHMENT AMENDMENT NOTICE**

By virtue of the powers vested in me by section 16 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998), as amended, I hereby give notice of the sixth amendment of the Cape Winelands District Municipality (DC2) Establishment Notice, Provincial Notice 486 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 5590 dated 22 September 2000 (the Principal Notice), as amended by Provincial Notice 672 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 5642 dated 4 December 2000, Provincial Notice 453 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 5968 dated 19 December 2002, Provincial Notice 181 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 6020 dated 28 May 2003, Provincial Notice 162 published in the Provincial Gazette No. 6160 dated 20 August 2004 and Provincial Notice 8 published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 6333 dated 3 January 2006, on the terms set out in the Schedule hereto.

Dated this 27th day of February 2006.

QR DYANTYI, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT AND HOUSING

**SCHEDULE**

**Amendment of principal Notice**

1. Section 8 is amended by the substitution thereof of the following section:—

"8. The Municipal Council of the District Municipality has 36 (thirty six) councillors, as determined by the Provincial Minister in Provincial Notice 100/2004 published in Provincial Gazette No. 6137 of 8 June 2004, of which:—

(a) 15 (fifteen) proportionally represent the parties contesting the election in the District Municipality in terms of section 23(1)(a) of the Municipal Structures Act;

(b) 20 (twenty) directly represent the Local Municipalities in terms of section 23(1)(b) of the Municipal Structures Act, of which:—

(i) 2 (two) directly represent the Witzenberg Municipality (WCO22);

(ii) 7 (seven) directly represent the Drakenstein Municipality (WCO23);

(iii) 4 (four) directly represent the Stellenbosch Municipality (WCO24);

(iv) 5 (five) directly represent the Breede Valley Municipality (WCO25), and

(v) 2 (two) directly represent the Breede River/Winelands Municipality (WCO26), and

(c) 1 (one) proportionally represent the parties contesting the election in the District Management Area in terms of section 23(1)(c) of the Municipal Structures Act.".

**Short title and commencement**

2. This Notice is called the Cape Winelands District Municipality (DC2) Six Establishment Amendment Notice and comes into operation on the date of publication.

P.K. 91/2006 28 Februarie 2006

**WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STRUKTURE, 1998 (WET 117 VAN 1998)**

**SESDE WYSIGING VAN DIE DISTRIKSMUNISIPALITEIT KAAPSE WYNLAND (DC2) INSTELLINGSKENNISGEWING**

Uit hoofde van die gesag aan my verleen by artikel 16 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), soos gewysig, gee ek hierby kennis van die sesde wysiging van die Distriksmunisipaliteit Kaapse Wynland (DC2) Instellingskennisgewing, Provinsiale Kennisgewing 486 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 5590 van 22 September 2000 (die Hoofkennisgewing), soos gewysig deur Provinsiale Kennisgewing 672 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 5642 gedateer 4 Desember 2000, Provinsiale Kennisgewing 453 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 5968 gedateer 19 Desember 2002, Provinsiale Kennisgewing 181 gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 6020 gedateer 28 Mei 2003, Provinsiale Kennisgewing 162 gepubliseer in Provinsiale Koerant Nr. 6160 gedateer 20 Augustus 2004 en Provinsiale Kennisgewing 8 gepubliseer in Buitengewone Provinisiale Koerant Nr. 6333 gedateer 3 Januarie 2006, op die voorwaardes wat in die Bylaag hiervan uiteengesit word.

Gedateer op hierdie 27ste dag van Februarie 2006.

QR DYANTYI, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING EN BEHUISING

**BYLAAG**

**Wysiging van Hoofkennisgewing**

1. Artikel 8 word gewysig deur dit met die volgende artikel te vervang:—

"8. Die Munisipale Raad van die Distriksmunisipaliteit het 36 (ses-en-dertig) raadslede, soos bepaal deur die Provinsiale Minister in Provinsiale Kennisgewing 100/2004, gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant No. 6137 van 8 Junie 2004, van wie:—

(a) 15 (vyftien) die partye wat ingevolge artikel 23(1)(a) van die Munisipale Strukturewet aan die verkiesing in die Distriksmunisipaliteit deelneem, proporsioneel verteenwoordig;

(b) 20 (twintig) die Plaaslike Munisipaliteit ingevolge artikel 23(1)(b) van die Munisipale Strukturewet regstreeks verteenwoordig, van wie:—

(i) 2 (twee) die Munisipaliteit Witzenberg (WCO22) regstreeks verteenwoordig;

(ii) 7 (sewe) die Munisipaliteit Drakenstein (WCO23) regstreeks verteenwoordig;

(iii) 4 (vier) die Munisipaliteit Stellenbosch (WCO24) regstreeks verteenwoordig;

(iv) 5 (vyf) die Munisipaliteit Breede Vallei (WCO25) regstreeks verteenwoordig, en

(v) 2 (twee) die Munisipaliteit Breërivier/Wynland (WCO26) regstreeks verteenwoordig, en

(c) 1 (een) die partye wat ingevolge artikel 23(1)(c) van die Munisipale Strukturewet aan die verkiesing in die Distriksbestuursgebied deelneem, proporsioneel verteenwoordig.".

**Korttitel en inwerkingtreding**

2. Hierdie Kennisgewing heet die Sesde Wysigingskennisgewing van die Distriksmunisipaliteit Kaapse Wynland (DC2) Instellingskennisgewing en tree in werking op die datum van publikasie.

*SOUTH AFRICA FIRST –*
BUY SOUTH AFRICAN
MANUFACTURED GOODS

*SUID-AFRIKA EERSTE –*
KOOP SUID-AFRIKAANS
VERVAARDIGDE GOEDERE

Printed by Creda Communications